



LAERSKOOL LORRAINE

Liewe Ouers

Welkom aan u en u kind in graad 2. Ons hoop dat hierdie jaar net so aangenaam sal wees soos in graad 1.

U kind benodig die volgende vir graad 2:


- 4 x 20g “Pritt”
- 2 Pakke potloodkryt (12)
- 2 Pakke uitdraaikryt
- 20 H.B. potlode (Goeie kwaliteit bv. Staedtler (swart en rooi) sonder uitveër.)

Elke potlood moet gemerk wees. Asb. nie ‘n geel potlood nie.

- ‘n Metaal potloodskerpemaker. (Nie plastiek nie.)
- ‘n Voorskoot of ou hemp vir kuns.
- **NB.** ‘n Goeie kwaliteit skêrtjie. (Nie plastiek nie, metaal asb.)
- Een liniaal (30 cm)
- 2 Sagte uitveërs
- 2 Flipfiles (20 sakkies vir huiswerkdoeleindes)
- 1 Klein botteltjie wit, koue lym (vir kuns) Pritt/Ponal/Bostik
- 1 x Pastelle
- 2 Bokse tissues (x 1 pak “wet wipes” opsioneel)
- 1 Pakkie “glitter glue”
- 2 x Plastiekleërs (plastiekkoeverte)
- 2 x Swart kokies (nie permanent, vir witbord)

Alles moet asseblief duidelik gemerk wees, ook elke individuele kleurkryt of uitdraaikryt. Sien asseblief ook toe dat al u kind se klere duidelik gemerk is. Laat leerders alle artikels die eerste dag skool toe bring in ‘n gemerkte roomysbak.

Merk asseblief u kind se tas binne-in met sy/haar naam, van, graad en telefoonnommer.



Enige gelde wat u skool toe stuur, moet asseblief in 'n koevert of banksakkie wees. Die bedrag, sowel as die kind en onderwyseres se naam en waarvoor dit bedoel is, moet daarop aangedui wees.

Hou die huiswerksakkie van graad 1 vir tuiswerk asb. Stuur ook die stoelsakkie van graad 1 na graad 2.

Graad 2-leerders benodig 'n wit kortbroekie en skool gholfhemp vir al hulle sportaktiwiteite. Vir spanswem word 'n blou SPEEDO en 'n blou swempet benodig. Andersins sal enige, aanvaarbare swembroek geskik wees.

Indien u kind sou belangstel om mini-tennis te speel, beveel ons aan dat u 'n junior tennisraket (die tipe met die kort steel) aanskaf.

Dit word van alle ouers verwag om vir hul kind die nodige skryfboeke aan te koop. Die bedrag sal R130,00 in totaal wees. Die boeke wat nie dadelik benodig word nie, sal in die klaskamer gehou word. Die bedrag sluit die plastiekoortreksels in.

Indien 'n leerder 'n Storieboomboek (leesreeks) laat wegraak of op een of ander manier beskadig, moet die hele pakket, bestaande uit plus minus 6 boeke, teen 'n bedrag van R200,00 betaal word.

Die graad 1's van 2016 moet op die eerste skooldag (11 Januarie 2017) by hulle nuwe graad 2-klasse gaan aantree.

Ons wens u 'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar toe.


Vriendelike groete

Gr. 2-ONDERWYSERESSE

Mev. M. Jacobs

Mej. C. Fewell

2016/12/07



Ns. Ons sal dit waardeer as u die totale bedrag van presies **R180,00** op die eerste skooldag in 'n duidelike gemerkte koevert/banksakkie sal stuur.

- R130,00 (Skryfboeke en plastiekoortreksels)
- R50,00 (Projekgeld)